# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## FEBRUARIE / MAART

## 2007

**BYBELKUNDE**

**SG**

**501-2/0 A**

BYBELKUNDE SG

501 2 0A SG

8 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND.
- Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Verder moet jy nog TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C beantwoord.
- Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan die vraag toegeken word.

## AFDELING A
## VERPLIGTEND

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vraag 1.1 tot 1.6 is kortvrae. Skryf die nommer van die vraag (asook die nommer van die onderafdeling) in jou **antwoordboek** neer en skryf dan die antwoord langsaan.

1.1 Identifiseer die volgende persone:

1.1.1 Sy het purper wolmateriaal verkoop en was ook moontlik die eerste bekeerling in Filippi (Fil. 4:3).

1.1.2 Hy was 'n Romeinse goewerneur of geliefde van God.

1.1.3 Jesus is in hierdie ryk man se graf begrawe.

1.1.4 Die Romeinse soldate het hierdie man beveel om Jesus se kruis te help dra.

1.1.5 Die derde brief van Johannes is aan hierdie man gerig. Hy was ook die leier van die gemeente in Jerusalem. 2x5=(10)

1.2 Gee EEN woord vir elk van die volgende stellings:

1.2.1 Laat dit so wees!

1.2.2 God die Vader, die Seun en die Heilige Gees

1.2.3 Matteus, Markus, Lukas, Johannes

1.2.4 Die wêreld van die dooies

1.2.5 Die liggaam van Christus 2x5=(10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

1.3.1 Volgens Lukas het "die Woord vlees geword en onder ons kom woon."

1.3.2 Openbaring beteken **onthul**.

1.3.3 Heerskappy en soewereiniteit beteken om algehele mag te besit en om volkome gesag uit te oefen.

1.3.4 Die beloning wat in Openbaring aan Efese en Smirna toegeken word, is dat Christus die ewige lewe gee.

1.3.5 Pergamum, Laodisea en Tiatira is gemeentes in Klein-Asië. 2x5=(10)

1.4 1.4.1 Hoeveel Pauliniese briewe is daar?

1.4.2 Hoeveel Pauliniese briewe is aan individue gerig?

1.4.3 Hoeveel Pauliniese briewe is aan amptenare gerig?

1.4.4 Hoeveel Algemene Briewe is daar?

1.4.5 Hoeveel apokriewe aanhalings kom voor in die Algemene Brief van Judas? 2x5=(10)

1.5 Pas die inligting in **Kolom A** by die korrekte naam/name in **Kolom B**. Skryf slegs die korrekte letter teenoor die vraagnommer in jou antwoordboek neer, bv. 1.5.6 – F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.5.1 | Dit beteken klipterras. | A. | Johannes |
| 1.5.2 | Hy was die "een vir wie Jesus lief was." | B. | Stoïsyne |
| 1.5.3 | Die "Binnekring" | C. | Gabbata |
| 1.5.4 | Die logos-idee | D. | Petrus, Johannes, Jakobus |
| 1.5.5 | Water in wyn verander | E. | Kana in Galilea |

2x5=(10)

1.6 **MEERVOUDIGE KEUSEVRAE**

Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlikhede. Skryf slegs die nommer van die vraag en die letter van die korrekte antwoord neer, bv. 1.6.6 A.

1.6.1 Prostitusie kan beskou word as 'n skending van hierdie gebod.

A. Jy mag God se naam nie ydellik gebruik nie.
B. Jy mag nie gesnede beelde aanbid nie.
C. Jy mag nie die Sabbat ontheilig nie.
D. Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

1.6.2 Die eerste gebod van die Tien Gebooie is:

A. Jy moet die Sabbat heilig hou.
B. Jy mag nie begeer nie.
C. Jy mag nie valse getuienis gee (lieg) nie.
D. Jy mag geen ander God naas My aanbid nie.

1.6.3 Jy mag die naam van die Here jou God nie misbruik nie, beteken:

A. Die Israeliete kon God nie aanroep nie.
B. Leerders mag God se naam in gesprekke gebruik.
C. Christene moet nie God se naam in gebed gebruik nie.
D. Christene mag 'n eed in God se naam aflê.

1.6.4 Wat beteken die Sabbatdag vir Christene?

A. Eerste dag van die week
B. Saterdag
C. 'n Dag vir aanbidding
D. Jesus se hemelvaart

1.6.5 Wat is die groot gebod in Matteus?

A. Bergpredikasie
B. Saligsprekinge
C. Eerste gebod
D. Jy moet jou God en jou naaste liefhê. 2x5=(10)

**[60]**

## AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

- Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 2

2.1 Verduidelik die hooftemas van die brief van Jakobus. (10)

2.2 Die Evangelie van Markus gee aanskoulike besonderhede asof Markus 'n ooggetuie was. Skryf 'n paragraaf met gepaste voorbeelde om hierdie kenmerk te verduidelik. (10)

2.3 Bespreek die krag van Sy soewereiniteit soos dit in die boek Openbaring bespreek word. (20)

2.4 Skryf kort aantekeninge om te bewys dat Petrus nie die skrywer was van die Tweede Algemene Brief van Petrus nie. (20)

**[60]**

### VRAAG 3

3.1 Die Nuwe Testament noem VYF persone wat as Judas bekend staan. Wie was hulle? 2x5=(10)

3.2 "Matteus wys dat die Christendom die ware vervulling van die Ou Testament is." Bespreek hierdie stelling kortliks. (20)

3.3 Die skrywer van die vierde evangelie was een van die twaalf dissipels.

3.3.1 Skryf 'n kort paragraaf oor hoe hy aantekeninge gehou het van die apostels se privaat gesprekke. (6)

3.3.2 Verduidelik kortliks hoe die skrywer van die vierde evangelie die dissipels se gevoelens in moeilike tye tydens Jesus se bediening opgeteken het. (8)

3.4 Bespreek kortliks die gevolge van Sy soewereiniteit soos dit in die boek Openbaring bespreek word. (16)

**[60]**

## VRAAG 4

4.1 Skryf 'n paragraaf met gepaste voorbeelde, om aan te toon dat die Evangelie van Lukas die Evangelie van die Heilige Gees genoem kan word. (10)

4.2 Bespreek, met redes, waarom Paulus die brief aan die Filippense geskryf het. (20)

4.3 Bespreek in 'n paragraaf die kenmerke van Paulus se briewe. (10)

4.4 Johannes word beskou as die boek van tekens. Skryf 'n paragraaf oor die tweede teken: "Die regeringsamptenaar se seun." (Joh. 2:13 – 4:54) (10)

4.5 Die Evangelie van Matteus is veral geïnteresseerd in die kerk. Skryf 'n paragraaf oor hierdie kenmerk van dié evangelie. (10)

**[60]**

## VRAAG 5

5.1 Skryf kort aantekeninge oor die skryfstyl van die Evangelie van Markus. Gee aandag aan hierdie kenmerke deur te verwys na:

eenvoud, realisme en die gebruik van Aramese woorde. (20)

5.2 Bespreek die volgende TWEE kenmerke van die Lukas-evangelie:

Die Evangelie van Lukus kan die Evangelie van **Gebed** genoem word en die Evangelie van Lukas kan die Evangelie van **Lof** genoem word. 2x10=(20)

5.3 Bespreek die doel van die Johannes-evangelie. (10)

5.4 Bewys dat die outeur van die Eerste Brief van Johannes die apostel Johannes was. (10)

**[60]**

## AFDELING C
## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

- Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 6

6.1 Skryf 'n paragraaf oor hoe God Homself op 'n spesiale manier openbaar. (10)

6.2 Bespreek Skrif en geloof deur na die volgende te verwys:

6.2.1 Noem en bespreek twee soorte geloof en hoe die Skrif 'n mens na God (tot bekering) lei. (16)

6.2.2 Die Skrif openbaar God aan ons en die Skrif beïnvloed die lewe van die gelowige. (14)

6.3 Verklaar hoe die Christen God as Abba sien. (10)

6.4 Bespreek God se verhouding met die mens in 'n kort paragraaf. (10)
**[60]**

### VRAAG 7

7.1 Skryf aantekeninge oor Johannes se boodskap oor verlossing. (10)

7.2 Bespreek die volgende bede in die Onse Vader-gebed: "En laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose." (20)

7.3 Verduidelik die betekenis van die agste gebod: "Jy mag nie steel nie" vir die hedendaagse Christen. (20)

7.4 Bespreek kortliks God se verbond met Moses – die verbond van die Wet. (10)
**[60]**

### VRAAG 8

8.1 Beskryf die verhouding tussen God die Vader en Jesus die Seun en dui aan watter verpligtinge daar in hierdie verhouding is. (10)

8.2 Bespreek die volgende bede van die Onse Vader-gebed: "Laat U wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel." (20)

8.3 Bespreek die betekenis van die vyfde gebod: "Eer jou vader en jou moeder ...," vir die hedendaagse Christen. (10)

8.4 Bespreek die kruisiging en begrafnis van Jesus. (20)
**[60]**

## VRAAG 9

9.1 Skryf kort aantekeninge om die volgende stelling te verduidelik: Jesus is gebore uit die maagd Maria. (10)

9.2 Bespreek die volgende bede in die Onse Vader-gebed kortliks: "Laat U Koninkryk kom." (20)

9.3 Die tweede gebod lui: "Jy mag nie mensgemaakte beelde aanbid nie..." Verduidelik kortliks watter rol hierdie gebod vandag in die lewe van die Christen speel. (20)

9.4 Skryf kort aantekeninge oor die Wederkoms van Christus. (10)
**[60]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**